*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

*EXTRAORDINARY* *BUITENGEWONE*

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

Vol. 34.] CAPE TOWN, 19th APRIL, 1968. KAAPSTAD, 19 APRIL 1968. [No. 2052.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 659.] [19th April, 1968.

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

| | PAGE |
|---|---|
| No. 40 of 1968: Census Amendment Act, 1968 .. | 3 |
| No. 41 of 1968: Statistics Amendment Act, 1968 .. | 5 |

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 659.] [19 April 1968.

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

| | BLADSY |
|---|---|
| No. 40 van 1968: Sensuswysigingswet, 1968 .. .. | 4 |
| No. 41 van 1968: Wysigingswet op Statistieke, 1968.. | 6 |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



CONTENTS.

**Department of the Prime Minister.**

GOVERNMENT NOTICE.


| No. | | PAGE |
|---|---|---|
| 659 | Act No. 40 of 1968: Census Amendment Act, 1968 | 3 |
| 659 | Act No. 41 of 1968: Statistics Amendment Act, 1968 | 5 |


INHOUD.

**Departement van die Eerste Minister.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.


| No. | | BLADSY |
|---|---|---|
| 659 | Wet No. 40 van 1968: Sensuswysigingswet, 1968 | 4 |
| 659 | Wet No. 41 van 1968: Wysigingswet op Statistieke, 1968 | 6 |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 40, 1968.]

# ACT

**To amend the Census Act, 1957, so as to apply the provisions of the said Act to the territory of South-West Africa, and to make provision for matters incidental thereto.**

(*English text signed by the Acting State President.*)
(*Assented to 5th April,* 1968.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 76 of 1957, as amended by sections 1 and 8 of Act 35 of 1965.

**1.** Section 1 of the Census Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:
"'Minister' means the Minister of Planning;";

(*b*) by the insertion after the definition of "regulation" of the following definition:
"'Republic' includes the territory;"; and

(*c*) by the insertion after the definition of "supervisor" of the following definition:
"'territory' means the territory of South-West Africa;".

Amendment of section 12 of Act 76 of 1957, as amended by section 5 of Act 35 of 1965.

**2.** Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*c*) of the following paragraph:

"(*c*) asks, receives or takes from any person, other than an authorized officer of the Government or the administration of the territory, any payment or reward;".

Insertion of section 18A in Act 76 of 1957.

**3.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 18:

"Application of Act in territory and repeal of Proclamation No. 52 of 1920 of the territory.

**18A.** (1) The provisions of this Act and any amendment thereof, whether made before or after the commencement of this section, shall apply also in the territory, including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the territory known as the 'Rehoboth Gebiet' and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the Administrator of the territory.

(2) Proclamation No. 52 of 1920 of the Administrator of the territory is hereby repealed.

(3) Anything done, except a regulation made, under a provision of a law applied in the territory by the proclamation referred to in subsection (2), shall be deemed to have been done in respect of the territory under the corresponding provision of this Act.".

Short title.

**4.** This Act shall be called the Census Amendment Act, 1968.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 40, 1968.]

# WET

**Tot wysiging van die Sensuswet, 1957, om die bepalings van gemelde Wet op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing te maak, en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.**

(*Engelse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 5 *April* 1968.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 76 van 1957, soos gewysig deur artikels 1 en 8 van Wet 35 van 1965.

**1.** Artikel 1 van die Sensuswet, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur na die omskrywing van „Direkteur" die volgende omskrywing in te voeg:
„,gebied' die gebied Suidwes-Afrika;";

(*b*) deur die omskrywing van „Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
„,Minister' die Minister van Beplanning;"; en

(*c*) deur na die omskrywing van „regulasie" die volgende omskrywing in te voeg:
„,Republiek' ook die gebied;".

Wysiging van artikel 12 van Wet 76 van 1957, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 35 van 1965.

**2.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*c*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*c*) enige betaling of vergoeding van iemand anders as 'n gemagtigde beampte van die Regering of die administrasie van die gebied vra, ontvang of aanneem;".

Invoeging van artikel 18A in Wet 76 van 1957.

**3.** Die volgende artikel word hierby na artikel 18 van die Hoofwet ingevoeg:

„Toepassing van Wet in die gebied en herroeping van Proklamasie No. 52 van 1920 van die gebied.

**18A.** (1) Die bepalings van hierdie Wet en enige wysiging daarvan, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel aangebring, is ook van toepassing in die gebied, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van die gebied bekend as die ,Rehoboth Gebiet' en omskrywe in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van die gebied.

(2) Proklamasie No. 52 van 1920 van die Administrateur van die gebied word hierby herroep.

(3) Enigiets gedoen, behalwe 'n regulasie uitgevaardig, kragtens 'n bepaling van 'n wet deur die in subartikel (2) bedoelde proklamasie in die gebied van toepassing gemaak, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet ten opsigte van die gebied gedoen te gewees het.".

Kort titel.

**4.** Hierdie Wet heet die Sensuswysigingswet, 1968.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 41, 1968.]

# ACT

**To amend the Statistics Act, 1957, so as to apply the provisions of the said Act to the territory of South-West Africa, and to make provision for matters incidental thereto.**

(*Afrikaans text signed by the Acting State President.*)
(*Assented to 5th April,* 1968.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 73 of 1957, as amended by section 1 of Act 36 of 1965.

**1.** Section 1 of the Statistics Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the insertion after the definition of "prescribed" of the following definition:
"'provincial administration' includes the administration of the territory;";

(*b*) by the insertion after the definition of "regulation" of the following definition:
"'Republic' includes the territory;"; and

(*c*) by the insertion after the definition of "statistics" of the following definition:
"'territory' means the territory of South-West Africa;".

Amendment of section 4 of Act 73 of 1957.

**2.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister may enter into arrangements with the Administrator of any province or the territory as to any matter necessary or convenient for the purpose of carrying out effectually this Act, and in particular for all or any of the following matters—

(*a*) the execution or performance by any officer serving under the provincial administration of any power or duty conferred or imposed on any officer under this Act;

(*b*) the collection by such officer of any statistical or other information required for the purpose of carrying out this Act; and

(*c*) the supplying of any statistical information by the provincial administration to the prescribed officer.".

Substitution of section 4*bis* of Act 73 of 1957, as inserted by section 4 of Act 36 of 1965.

**3.** The following section is hereby substituted for section 4*bis* of the principal Act:

"Arrangements with the governments of neighbouring territories.

4*bis*. The Minister may enter into arrangements with the government of any neighbouring territory as to any matter necessary or convenient for the purpose of carrying out effectually this Act.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 41, 1968.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Statistieke, 1957, om die bepalings van gemelde Wet op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing te maak, en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 5 *April* 1968.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 73 van 1957, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 36 van 1965.

**1.** Artikel 1 van die Wet op Statistieke, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur voor die omskrywing van „hierdie Wet" die volgende omskrywing in te voeg:
„,gebied' die gebied Suidwes-Afrika;";

(*b*) deur na die omskrywing van „plaaslike bestuur" die volgende omskrywing in te voeg:
„,provinsiale administrasie' ook die administrasie van die gebied;"; en

(*c*) deur na die omskrywing van „regulasie" die volgende omskrywing in te voeg:
„,Republiek' ook die gebied;".

Wysiging van artikel 4 van Wet 73 van 1957.

**2.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Minister kan met die Administrateur van enige provinsie of die gebied ooreenkomste aangaan met betrekking tot enige aangeleentheid wat nodig of gerieflik is vir die doeltreffende uitvoering van hierdie Wet, en in besonder met betrekking tot een of meer van die volgende aangeleenthede—

(*a*) die uitoefening of verrigting deur 'n amptenaar in diens van die provinsiale administrasie van enige bevoegdheid of plig wat kragtens hierdie Wet aan 'n amptenaar verleen is of hom opgelê is;

(*b*) die versameling deur so 'n amptenaar van enige statistiese of ander inligting wat nodig is vir die uitvoering van hierdie Wet; en

(*c*) die verstrekking van enige statistiese inligting deur die provinsiale administrasie aan die voorgeskrewe amptenaar.".

Vervanging van artikel 4*bis* van Wet 73 van 1957, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 36 van 1965.

**3.** Artikel 4*bis* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ooreenkomste met die regerings van aangrensende gebiede.

4*bis*. Die Minister kan met die regering van enige aangrensende gebied ooreenkomste aangaan met betrekking tot enige aangeleentheid wat nodig of gerieflik is vir die doeltreffende uitvoering van hierdie Wet.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**4.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 16: - Insertion of section 16A into Act 73 of 1957.

"Application of Act to the territory and repeal of Proclamations No. 51 of 1920 and No. 12 of 1930 of the territory.

**16A.** (1) The provisions of this Act, and any amendment thereof, whether made before or after the commencement of this section, shall apply also in the territory including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the territory known as the 'Rehoboth Gebiet' and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the Administrator of the territory.

(2) Proclamations No. 51 of 1920 and No. 12 of 1930 of the Administrator of the territory are hereby repealed.

(3) Anything done, except a regulation made, under a provision of a law applied in the territory or any portion thereof by the proclamation referred to in subsection (2), shall be deemed to have been done in respect of the territory or the portion thereof concerned under the corresponding provision of this Act.".

**5.** This Act shall be called the Statistics Amendment Act, 1968. Short title.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Invoeging van artikel 16A in Wet 73 van 1957.

**4.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 16 ingevoeg:

„Toepassing van Wet op die gebied en herroeping van Proklamasies No. 51 van 1920 en No. 12 van 1930 van die gebied.

**16A.** (1) Die bepalings van hierdie Wet en enige wysiging daarvan, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel aangebring, is ook van toepassing in die gebied, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van die gebied bekend as die ,Rehoboth Gebiet' en omskrywe in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van die gebied.

(2) Proklamasies No. 51 van 1920 en No. 12 van 1930 van die Administrateur van die gebied word hierby herroep.

(3) Enigiets gedoen, behalwe 'n regulasie uitgevaardig, kragtens 'n bepaling van 'n wet wat deur die in subartikel (2) bedoelde proklamasies in die gebied of 'n gedeelte daarvan van toepassing gemaak is, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet ten opsigte van die gebied of die betrokke gedeelte daarvan, gedoen te gewees het.".

Kort titel.

**5.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Statistieke, 1968.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LIMITED, CAPE TOWN—B682/14,200.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BEPERK, KAAPSTAD—B682/14,200.